

**27 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 2, 3**

**Fokusgedeelte: Spreuke 2:6**

### **Die wysheid wat God gee, is bedoel vir elke dag**

*Wysheid* is nie 'n studeerkamer vol boeke of massas feite in ensiklopedieë nie. Ons koppel wysheid aan iemand se intelligensievermoë (IK), maar wysheid in die Bybel beteken vaardigheid op alle vlakke van die lewe. Vakmansbekwaamheid word byvoorbeeld as wysheid beskou. 'n Hele klomp vakmanne, kunsvaardige mense, het help bou aan die tabernakel (Eks 36:4) en die tempel (1 Kon 7:14). Daar was kleremakers, ontwerpers, wewers en spinners, borduurders, asook goud-, silwer-, yster-, brons- en kopersmede en skrynwerkers. Telkens word van dié mense gesê dat hulle *wysheid* van God kom (Eks 28:3; 31:3; 35:31, 35; 1 Kon 7:14). Daar is ook *seemanswysheid* (Ps 107:27), *koopmanswysheid* (Eseg 28:4,12) en *regeerderswysheid* (Gen 41:39). Die wysheid waarvan die Bybel praat, is dus nie afgeslote brokstukkies kennis wat weggesteek word tussen die blaaie van die baie boeke in die biblioteek nie. Wie is die wyse mens? Dit is hy/sy wie se daaglikse doen en late deur die lewenswysheid gekenmerk word wat van God kom – daar waar jy in die skool onderrig word, waar jy aan sport deelneem, waar jy jou kuns beoefen, waar jy partytjie hou, waar jy met vakansie uitrus. Op alle plekke en op alle terreine kan jy deur jou optrede die wysheid van die Here sigbaar laat word. Die wysheid wat God jou in sy Woord gee, moet 'n allesoorheersende rol in jou hele lewensbestaan speel. Werk elke dag daarmee.

Sing: Psalm 119:59

Ds CN van der Merwe (Klerksdorp)